LEEUWENHOF AKADEMIE
LAERSKOOL NUUSBRIEF NR. 3 / 2017
31 JANUARIE 2017

Geagte ouers en personeel,

Kliek gerus op die skakel hieronder. Hier is 'n oulike berig om kinders te motiveer vir die jaar wat voorlê:
http://www.parent24.com/Sponsored/Back-to-School/Getting-the-kids-motivated-for-the-new-school-year-20150115

PERSONALIA

Baie geluk aan die volgende personeel wie se gr. 8 kinders Vrydag hul baadjies by die baadjie-oorhandiging van ons Hoërskool ontvang het:

- Sonja Keet: Ruan
- Natacha Benadie: Nathan

AKADEMIE

ASSESSERINGSPLANNE: GRAAD 4 TOT 7

Assesseringsplanne vir die eerste termyn is verlede week aan ouers per e-pos gestuur

KONSESSIE: GRAAD 4 TOT 7

Sien dokument aangeheg aan hierdie nuusbrief

LEIERSOPLEIDING: GRAAD 7

Vrydag het alle Graad 7 leerders opgewonde na die media beweeg om hulle pligte vir die leiersjaar te ontvang. Hulle het met groot ywer en entoesiasme elke verantwoordelikheid wat na hulle kant toe gekom het.

Die jaar het ons 'n spesiale visie en missie vir die leiersgroep van 2017:

- Visie:
  - ✓ Staatmaak leiers met verantwoordelikheid deur betrokkenheid in en om die gemeenskap van Leeuwenhof.
- Missie:
  - ✓ Sigbaar wees
  - ✓ Altyd opdaag
  - ✓ Samewerking/ betrokke te wees
  - ✓ Mense te help
  - ✓ Voorbeeld te stel
  - ✓ Mekaar en ander te ondersteun

Van spanwerk kan ons die groep van 2017 niks vertel nie, hulle het in groepsverband krete uitgewerk, probleme opgelos en ook lekker gelag.

Leeuwenhofleiers 2017 ons is saam julle opgewonde en trots vir die geleenthede wat die jaar vir ons inhou.

https://www.youtube.com/watch?v=5rOg4WfNDfM (Ganse as groep)

SPORT

ATLETIEK VS. L/SKOOL PRESIDENT STEYN

Ons as personeel en afrigters was baie trots op ons atlete by hierdie byeenkoms. Dit was opmerklik dat ons atlete gedetermineerd deelgeneem het aan die byeenkoms. Dit is wonderlik om te sien dat ons kinders net hul beste doen met elke item. Sterkte vir die res van die seisoen

ATLETIEK VS. CULLINAN

Die byeenkoms het ongelukkig nie plaasgevind nie as gevolg van reën verlede Saterdag. Baie dankie aan ouers en personeel wat nog steeds moeite gedoen het om Bronkhorstspruit toe te ry ten spyte van die reën. Ons het groot waardering daarvoor.

ATLETIEK VS. LOUW GELDENHUYS

Eerskomende Saterdag vind ons laaste vriendskaplike byeenkoms vir die seisoen plaas by Louw Geldenhuys. Deelnemende skole is onsself en Louwtjies. Ons kan dus meer atlete saamneem. Atlete moet asseblief aanhou om hard te oefen.

TENNISAFRIGTING

Sien inligting aangeheg aan hierdie nuusbrief

KULTUUR

OEFENTYE VIR KULTUURGROEPE:

- Eerskomende Maandag 6 Februarie oudisies vir Marimbas Gr 5,6 en 7
- Juniorkoor oefen Maandae in aktiwiteitsperiode: 13:15 tot 13:50
- Seniorkoor oefen Dinsdae in aktiwiteitsperiode: 12:40 tot 13:50
- Marimbas oefen Maandae direk na skool tot 14:45

NUWE LEERDERS

Op die 13 de Februarie sal daar ‘n toekenningsoggend tydens saalperiode plaasvind. By hierdie geleentheid sal daar toekennings gemaak word aan nuwe leerders vir prestasies wat by vorige skole bereik is indien dit binne ons prysuitdelingsbeleid val. Ouers moet hierdie inligting so gou as moontlik aan Charmaine Bosman stuur by charmaineb@leeuwenhof.co.za. Ouers sal ‘n uitnodiging na hierdie geleentheid ontvang.

SPOGHOEKIE

BOODSKAPMUUR

Ons het groot waardering vir twee van ons gr 7-leerders wat ons boodskapmuur so pragtig kleurvol maak en boodskappe vir die siel daarop skryf. Dankie Ninke en Chené en hul ouers wat so mooi ondersteun.

BUSSE

Sien aangeheg aan hierdie nuusbrief ‘n dokument oor ons busdiens.

OUERINLIGTING WAT VERANDER

Ouers moet asseblief enige kontakbesonderhede wat verander het, onder die personeel en me Bothma se aandag bring. Dit is vir ons belangrik dat ons ouers die kommunikasie van die skool ontvang en ingelig is oor wat by die skool gebeur.

Kyk dat die volgende inligting altyd korrek is:

- Kontaknommers: Selfoon, landlyn en werksnommer
- E-posadres

Nuwe kontakbesonderhede kan gestuur word na margaretb@leeuwenhof.co.za.

SNOEPIE

Spesiale snoepie aanbieding vir die 3de Februarie is as volg:

- Chiproll R20.00
- Chippie, spek en kaas R25.00
- Boereworsrol R20.00

Bestellings kan geplaas word by angie@drehmo.co.za

Bestelling **MOET** asb. voor Vrydag geplaas en betaal word.

Bankbesonderhede is:

- Mufasa's Den
- Nedbank, 1087 629 527, 198765
- Ref.: Kind se naam en graad

BELANGRIKE DATUMS

31 Januarie	Gr. 2 tot 7 inligtingsaand Akademiese ondersteuning om 07:30
2 Februarie	Kaskarvergadering vir ouers wat klasverteenwoordigers is
4 Februarie	Atletiek vs Louw Geldenhuys
8 Februarie	Atletiek: Interlaer
9 Februarie	Kaskarvergadering vir ouers wat klasverteenwoordigers is
10 Februarie	Studiekursus
11 Februarie	Skaakmarathon: Gr. 1 tot 7
18 Februarie	Kaskardag

LAERSKOOLBESTUUR

Skoolhoof:	Mnr W Uys	wium@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Akademie:	Me A vanZijl	anlivz@leeuwenhof.co.za
Adjunkhoof Organisatories:	Mnr W Jacobs	willem@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof: Kultuur:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Juniorfase:	Me H Pretorius	helenap@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Seniorfase:	Me C Bosman	charmaineb@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Sport:	Mnr C Pretorius	clemens@leeuwenhof.co.za
Afdelingshoof Musiek:	Mnr K Pretorius	kobie@leeuwenhof.co.za
Bemarkingsbestuurder:	Me M Wagner	marketing@leeuwenhof.co.za
Sekretaresse:	Me M Bothma	margaretb@leeuwenhof.co.za

Leeuwenhof - groete

_____

MNR. WIUM UYS
HOOF - LAERSKOOL